# VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS
# GRAAD 12 – KWARTAAL 3

# VERBRUIKERSKWESSIES: KLEDING & TEKSTIELE

## EKO-MODES

**"Groen-mode": Neem die volgende in ag:**

- Omgewing.
- Werksomstandighede van alle mense in die modebedryf.
- Gesondheid van die verbruiker.



**Wat behels eko-modes?**

- Gebruik van organiese grondstowwe.
- Geen skadelike chemiese kleurstowwe.
- Die gebruik van herwonne / hergebruikte tekstiele.
- Klere wat duursaam is en wat langer gebruik kan word.
- Billike handelspraktyke / etiese klerepraktyke tydens vervaardiging.

FAIRTRADE

**Billike handelspraktyke**

- Werksomstandighede: Goed & veilig.
- Werkers: Ontvang billike lone / salarisse.
- Geen: Kinderarbeiders
- Voldoen aan: Arbeids- en veiligheidswette.
- Embleem: Fairtrade

# VOLHOUBARE TEKSTIELE

**Word op eko-vriendelike / omgewingsvriendelike maniere gekweek & vervaardig.**

**Help om die omgewing te beskerm vir toekomstige geslagte.**




- Hernubare hulpbronne word gebruik tydens die vervaardiging van die tipe tekstielstowwe: Plante wat min water benodig, maar steeds 'n goeie opbrengs kan lewer.
- Beperkte gebruik van chemikalieë:
  - Tydens die groei van plante.
  - Vervaardiging van tekstielstowwe.

**Organiese tekstielstowwe:**




## Nie-organiese tekstielstowwe






### Nie-Volhoubare praktyke:

- Gebruik houtpulp om rayon te maak.
- Gebruik olie (nie-hernubaar) om poliëster (nie bio-afbreekbaar) te maak.
- Gebruik van giftige kleurmiddels (besoedel grond en water) om katoen te kleur.



# BYDRAE TOT VOLHOUBAARHEID EN DIE VERKLEINING VAN ONS KOOLSTOFVOETSPOOR:

- **Koop klere wat...**
  - ...van volhoubare tekstielstowwe gemaak is. Bv.: Organiese Katoen.
  - ...wat plaaslik vervaarig is. Invoere verhoog brandstofverbruik & vrystelling van $CO_2$
  - ...van plaaslik vervaardigde tekstielstowwe gemaak is, sodat ons op die manier ons land se ekonomie kan bevorder.




- **Herwin & Hergebruik klere & tekstielstowwe...**
  - **Herwinning:** Herwonne poliëster = smelt plastiekbottels en spin in tekstielvesels. Gebruik dit vir die vervaardiging van klere, matte, knope & ritssluiters.

  - **Hergebruik:** Klere wat jy nie meer wil dra nie kan :
    - Aan tweedehandse klerewinkelsverkoop word.
    - Aan 'n kinderhuis geskenk word.
    - Aan 'n tehuis vir siekes / welsynsorganisasies geskenk word.
    - Omskep word in nuwe kledingstukke.
    - Opgeknip word vir vloerlappe / afvallappe.



**Positiewe impak van herwinning & hergebruik van klere**




Minder grond word vir stortingsterreine benodig, aangesien klere nie weggegooi word nie.

Minder tekstielstowwe word vervaardig – verminder besoedeling & verklein die koolstofvoetspoor.

Minder water word gebruik tydens vervaardiging van tekstielstowwe / klere.

Minder elektristiteit & steenkool word benodig vir die vervaardiging van klere / tekstielstowwe.

# INVLOED VAN DIE ONWETTIGE GEBRUIK VAN WETLIK BESKERMDE HANDELSNAME / HANDELSMERKE




# HANDELSMERKROWERY



- **Onwettige gebruik van 'n geregistreerde handelsmerk / handelsnaam d.m.v die nabootsing van etikette, verpakking of aanbieding van 'n produk.**
  - Dikwels swak ontwerp: verbruikers kan hul vertroue in die bestaande handelsmerk verloor.
  - Verlies aan inkomste: Maatskappye verloor baie geld a.g.v onwettige praktyke t.o.v handelsmerkrowery.
  - Ingevoerde goedere: Word meestal vanaf China ingevoer om in die informele sektor verkoop te word (markte / straatverkopers / aanlynverkope).
  - Keer / beheer van onwettige handelsnaamprodukte: Baie moeilik aangesien verskaffers onderduimse maniere gebruik om dit in 'n land in te smokkel.

- **Gevolge van handelsmerkrowery**
  - Geregistreerde vervaardigers verloor baie geld.
  - Negatiewe uitwerking op die reputasie en beeld van die oorspronklike handelsmerk.
  - Verbruikers koop eerder goedkoper nagemaakte produkte – dit benadeel dan die kleinhandelaars wat wettig die produkte verkoop.
  - Verlies van werksgeleenthede.
  - Lande ontvang nie inkomstebelasting op die produkte nie – benadeel die ekonomie.





KLASAKTIWITEIT: Kyk na die volgende prente en kies een term wat dit die beste sal beskryf.







